Laerskool Horison

Weaver Straat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
Posbus 5002, Horison, 1730
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

KLOUSULE

Inskrywingsvorm

Beskerming van persoonlike inligting

1. Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van _____ die leerders, gee hiermee toestemming dat:

   a) die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en

   b) die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrags-en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir die doeleindes van registrasie van die leerder in die skool, die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.

2. Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word en op versoek aan die skool, beskikbaar gestel sal word. Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting ook volledig in hierdie beleid vervat word.

_____ **OUER/VOOG: VOORLETTERS EN VAN**

_____ **OUER/VOOG: HANDTEKENING**

Laerskool Horison

'n Publieke Skool in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet,
Wet 84 van 1996 soos gewysig
Registrasie Nommer 912052

Weaver Straat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
Posbus 5002, Horison, 1730
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

ONDERNEMING EN OOREENKOMS
DEUR BIOLOGIESE / AANNEEM OUERS / WETTIGE VOOGDE
TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN SKOOLFONDS
Beide ouers sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir die betaling van die skoolfonds

AANGEGAAN TUSSEN LAERSKOOL HORISON
EN
DIE BIOLOGIESE/AANNEEM OUERS/WETTIGE VOOGDE
VAN DIE LEERDER/S HIERIN VERMELD

1. Laerskool Horison is 'n Publieke Skool in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 soos gewysig en word hierin verteenwoordig deur 'n skriftelike gevolmagtigde lid van die Beheerliggaam.

2. Ek/ons doen hiermee aansoek om die registrasie/toelating van my/ons kinders as Leerder/s by Laerskool Horison in **2024.**

3. Besonderhede van Leerder/s

	VAN	VOLLE NAME	ID NOMMER
1.	_____	_____	_____
2.	_____	_____	_____
3.	_____	_____	_____

4. Ek/ons verklaar hiermee dat ek/ons die biologiese/aanneem ouers van die Leerder/s is en dat ek/ons wettige beheer en toesig en/of wettige voogdyskap oor die Leerder/s mag uitoefen.

5. Ek/ons onderneem om te voldoen aan die terme en voorwaardes soos vervat in hierdie ooreenkoms.

6. Ek verstaan en bevestig dat die Skoolhoof of enige behoorlik gemagtigde persoon sal optree *in loco parentis* in enige aangeleentheid en ter enige tyd waartydens my/ons kind/ers aan die Skool toevertrou is.

7. Ek/ons onderneem gesamentlik en/of afsonderlik om die skoolfonds te betaal en bevestig dat ek/ons die volgende verstaan:

   7.1 Die *verpligte* skoolfonds vir **2024,** soos deur die ouers goedgekeur tydens die ouerbegrotings-vergadering , is vasgestel op **R19 869.00** per leerder per jaar.
   7.2 Die skoolfonds is *vooruit betaalbaar* en wel voor of op die eerste skooldag van **2024.**
   7.3 Die skool verskaf nie dienste op krediet nie, maar maak wel voorsiening vir die afbetaling van skoolfonds soos uiteengesit in aanhangsel "A".
   7.4 Ten einde die finansiële bestuur van die skool te vergemaklik, word u versoek om van die debietorderstelsel gebruik te maak. Sien aanhangsel "B"

8. 'n Bedrag van **R1 000** per leerder, synde 'n gedeelte van die jaarlikse skoolfonds, as kurrikulêre fooi, is betaalbaar gedurende **November 2023** in die skool se rekening.

Paraaf Paraaf Paraaf

Laerskool Horison
ABSA Horison 632005
Rekeningnommer 404 876 2145
Verwysing: Oudste kind se naam en van

9. Indien die skoolfonds **voor of teen einde Februarie 2024** ten volle vereffen word, sal 'n korting van **10% (R1 986.90)** toegestaan word en daarna **5% korting voor of teen einde Maart**.

10. 'n **Korting van 40%** (na betaling van die kurrikulêre fooi) word vir 'n **derde kind** in die gesin se skoolfonds toegestaan.

11. Biologiese/aanneem ouers is gesamentlik en/of afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van die leerder/s se skoolfonds ongeag hulle huwelikstatus.

12. In terme van Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 soos gewysig (die Wet) is ouers regtens aanspreeklik om verpligte skoolfonds te betaal.

13. In terme van Artikel 40 en 41 van die Wet, mag die skool die betaling van verpligte skoolfonds afdwing.

14. Indien u sou versuim om u skoolfonds pligsgetrou te betaal, behou die Skool die reg voor om regsaksie teen beide biologiese/aanneem ouers (of wettige voog) te neem ongeag die bepalings van enige onderhouds- en/of egskeidingsbevel wat tussen die partye mag bestaan.

15. Die biologiese/aanneem ouer/s of wettige voog, onderneem om alle regs- of invorderingskoste op 'n prokureur en eie kliëntskaal te betaal indien die skool regsaksie moet neem om agterstallige skoolfonds te verhaal.

16. Ek/ons stem toe tot 'n besoldigingsbeslagleggingsbevel indien ek/ons in gebreke bly om skoolfonds te betaal.

17. Ek/ons bevestig dat:

    17.1 Ek /ons ingelig is dat indien ons nie skoolfonds kan bekostig nie, kan ek/ons by die skool om 'n skoolsubsidie aansoek doen. Die nodige dokumentasie kan by die skool se rekenmeester aangevra word;

    17.2 Indien ek/ons nie sou kwalifiseer vir skoolsubsidie nie daar 'n appél prosedure is wat teen die besluit geneem kan word;

    17.3 Indien ek/ons in terme van Par. 17.1 en 17.2 nie vir skoolsubsidie kwalifiseer nie, stem ek/ons toe dat die invorderingsproses wat in terme van Artikel 40 en 41 van die Skolewet toegelaat word, teen ons gesamentlik en/of afsonderlik geneem word in terme van die bepalings van hierdie ooreenkoms.

18. Ek/ons magtig die skool om my/ons wanbetaling van skoolfonds by die nodige kredietburo's aan te meld.

19. Hierdie ooreenkoms neem 'n aanvang op die datum van ondertekening en sal van krag bly tot en met die dag waarop die leerder die skool amptelik verlaat.

20. Ek/ons onderneem (met die uitsluiting van graad 7-leerders wat die skool aan die einde van die betrokke jaar verlaat) om die skool een kalendermaand kennis te gee voordat die leerder die skool verlaat. Skoolfonds sal betaalbaar wees tot aan die einde van die kennisgewingsmaand.

Paraaf Paraaf Paraaf

Let wel: Indien die kalendermaand kennisgewing nie teen die 3de van die maand ontvang word deur die skool nie, sal die kalendermaand kennisgewing eers vir die komende maand geldig wees en u dan vir albei maande verantwoordelik gehou gaan word vir u kind se skoolfonds.

20.1 Indien u kind die skool verlaat sal die oorplasingsertifikaat nie oorhandig word totdat u skoolfonds op datum betaal is soos per die bogenoemde kalendermaand kennisgewing nie.

20.2 Indien u kind die skool verlaat bv. op 31 Maart (dit beteken die skool was in ontvangs van die kennisgewing dat u kind die skool verlaat teen nie later as die 3de Maart nie), sal die skoolfonds verskuldig soos volg bereken word.

20.2.1 Die skoolfonds is vooruitbetaalbaar soos genoem in paragraaf 7.2 hierbo en dus sal die totale skoolfondsbedrag vir die jaar deur 12 gedeel word en gemaal word met hoeveel maande u kind in die skool was (insluitend die kennisgewingsmaand) bv. u kind verlaat die skool op 31 Maart, dus 3 maande skool. Die verskuldigde bedrag sal dan wees die skoolfonds (soos per paragraaf 7.1) gedeel deur 12 en maal met 3 maande wees.

20.3 Indien die skoolfonds geheel vir die jaar vooruitbetaal is, voorneem die skool om 'n pro-rata terugbetaling aan die ouer/voog te doen op dieselfde beginsel soos paragraaf 20.2 hierbo op voorwaarde dat bankbesonderhede aan die skool verskaf is en dat alle boeke en/of toerusting wat aan die skool behoort, deur die leerder terug besorg is.

20.4 Indien 'n leerder ingeskryf word na 31 Januarie 2024 sal die volle skoolfondsbedrag soos per paragraaf 7.1 gedeel word deur 12 maande en gemaal word met die oorblywende maande tot 31 Desember 2024. Die bedrag sal dan die volle verskuldigde bedrag skoolfonds wees vir die leerder vir 2024.

20.5 Indien daar enige skoolfonds nie korrek betaal was soos per die bogenoemde nie sal die ouer/voog verantwoordelik gehou word vir die skoolfonds soos per paragraaf 11, 12, 13, 14, 15, 16 en 18 hierbo.

21. Ek/ons verstaan dat die skool alle inligting deur my/ons voorsien kan en mag verifieer. Indien valse dokumente en of inligting voorsien is, behou die skool die reg voor om 'n klag van bedrog te lê.

22. Hierdie is die enigste en ware ooreenkoms tussen my/ons en die skool en geen wysiging aan of toevoeging tot hierdie ooreenkoms/onderneming sal bindend wees tensy dit op skrif gestel en onderteken word deur al die partye of die gevolmagtigde verteenwoordigers van die partye nie.

23. Die partye kies as domicilium citandi et executandi vir alle doeleindes van hierdie ooreenkoms en onderneming die onderstaande fisiese straat- of woonadresse en onderneem om enige verandering skriftelik aan die ander party deur te gee.

Die skool:

Laerskool Horison
Hoek van Weaver- en Moutonstrate
Horison

Die biologiese/aangenome ouers / wettige voog;

Paraaf Paraaf Paraaf

VOLLEDIGE ADRES - Voltooi asseblief

Kompleksnommer: _____ Kompleksaam: _____

Straatadres: _____ Voorstad: _____

Kode: _____

OUER 1

Ek, die ondergetekende, _____ Id nr. _____
volle naam en van

Verklaar dat ek die wettige (omkring) biologiese ouer / aanneem ouer /wettige voog van die voorinvermelde leerders is en dat ek in beide my persoonlik- en as ouer/voog hoedanigheid aan hierdie onderneming/ooreenkoms gebonde is. Ek verklaar verder ek dat ek bekend is met die inhoud van hierdie ooreenkoms en dat ek alle terme, voorwaardes en bepalings hierin vermeld verstaan en onderneem om myself daaraan te onderwerp.

GETEKEN OP HIERDIE - _____ DAG VAN - _____ 20 - _____

_____
HANDTEKENING

OUER 2

Ek, die ondergetekende, _____ Id nr. _____
volle naam en van

Verklaar dat ek die wettige (omkring) biologiese ouer / aanneem ouer /wettige voog van die voorinvermelde leerders is en dat ek in beide my persoonlik- en as ouer/voog hoedanigheid aan hierdie onderneming/ooreenkoms gebonde is. Ek verklaar verder ek dat ek bekend is met die inhoud van hierdie ooreenkoms en dat ek alle terme, voorwaardes en bepalings hierin vermeld verstaan en onderneem om myself daaraan te onderwerp.

GETEKEN OP HIERDIE - _____ DAG VAN - _____ 20 - _____

_____
HANDTEKENING

BEHEERLIGGAAM:

GETEKEN OP HIERDIE - _____ DAG VAN - _____ 20 - _____

_____
HANDTEKENING NAMENS SKOOL

AANHANGSEL "A"

BETALINGSOPSIES IN TERME VAN KLOUSULE 7C

Ek/ons bevestig dat ek/ons die volgende betalingsopsie verkies:

☐ **R 1000.00** as gedeelte van die skoolfonds te betaal in **November 2023** en die balans eenmalig in totaal voor einde **Februarie 2024** met 'n aftrekking van **R1 986.90** as korting toegestaan.

☐ **R 1000.00** as gedeelte van die skoolfonds te betaal in **November 2023** en die balans van die skoolfonds in **10 gelyke paaiemente** vanaf einde **Januarie 2024 tot einde Oktober 2024**

☐ **R 1000.00** as gedeelte van die skoolfonds te betaal in **November 2023** en **gereelde maandelikse Debietorderbetalings van R1 886.90 per maand oor 10 maande.**

U voltooide vorm en addisionele dokumente kan via e-pos gestuur word na finansies@horison.co.za

Paraaf Paraaf Paraaf

Laerskool Horison

Weaver Straat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
Posbus 5002, Horison, 1730
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

SUID-AFRIKAANSE SKOLE REGULASIES 84 VAN 1996
REGULASIE VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS TEN OPSIGTE VAN DIE BETALING VAN SKOOLFONDS
(merk met 'n kruis in die betrokke blokkie)

		JA	NEE
1.	Het die hoof u ingelig ten opsigte van die bedrag van die jaarlikse skoolfonds wat betaalbaar is?	☐	☐
2.	Het die hoof u ingelig dat u verantwoordelik is vir die betaling van skoolfonds, indien u nie totaal vrygestel is ten opsigte van die betaling van skoolfonds nie.	☐	☐
3.	Het die hoof u ingelig dat u die reg het om aansoek te doen ten opsigte van vrystelling van skoolfonds?	☐	☐
4.	Wil u graag aansoek doen om vrystelling ten opsigte van die betaling van skoolfonds?	☐	☐
5.	Sou u graag hulp wou hê met die invul van die betrokke aansoekvorm?	☐	☐
6.	Is u voorsien deur die hoof van 'n vorm om aansoek te doen vir vrystelling van skoolfonds?	☐	☐
7.	Is daar 'n getekende afskrif van hierdie vorm aan u oorhandig deur die skoolhoof?	☐	☐

NAAM VAN HOOF _____ **NAAM VAN OUER** _____

HANDTEKENING VAN HOOF _____ **HANDTEKENING VAN OUER** _____

DATUM _____ **DATUM** _____

Laerskool Horison

Weaver Straat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
Posbus 5002, Horison, 1730
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

SUBSIDIE AANSOEKE 2024 - VERSOEK

Indien u kwalifiseer vir subsidie moet u asb. die vorm voltooi en saam met u kind terugstuur skoolkantoor toe. ***Die nodige aansoekvorms kan by Mev. Scheepers afgehaal word of op versoek aan u kind oorhandig word vir voltooiing deur u.*** Die aansoekvorm moet met die nodige dokumentasie asook 'n beëdigde verklaring deur 'n vrederegter gevrywaar word. Weglating van die nodige dokumentasie veroorsaak dat u nie in aanmerking kom vir subsidie nie.

Die Beheerliggaam versoek dat u die nodige aansoeke voor **28 Februarie 2024** sal doen, aangesien hulle moet beplan vir die jaar wat voorlê. Indien daar op meriete aansoek gedoen word deur die loop van **2024** sal dieselfde prosedures gevolg word.

AANSOEK OM SUBSIDIE 2024 - VERSOEK

Ek, Mnr. | Mev. _____

Ouers | Voogde van _____ in graad _____

sal reëlings tref met Me. Ansie Scheepers om vorms af te haal by die kantoor.

Ek onderneem om die vorms ***so gou as moontlik en op die laatste einde Februarie 202***4 terug te besorg aan Mev. Scheepers vir hantering.

_____ _____

OUER HANDTEKENING **DATUM**

Laerskool Horison

WEES DOELGERIG

'n Publieke Skool in terme van die Suid-Afrikaanse Skolewet,
Wet 84 van 1996 soos gewysig
Registrasie Nommer 912052

Weaver Straat, Horison, 1724
Tel: (011) 763 5617/8
Posbus 5002, Horison, 1730
hoof@horison.co.za
www.horison.co.za

DEBIETORDER 2024

Indien u sou verkies om u maandelikse paaiemente per debietorder te betaal, moet hierdie Debietordermagtiging volledig voltooi en onderteken word.

Die Betaler, magtig Laerskool Horison om met die betaler se Bank te reël om, ooreenkomstig die EBS debietorderstelsel, die maandelikse paaiement ingevolge hierdie Ooreenkoms teen die betaler se bank- of transmissierekening (waar dit ook al gehou word) te vorder:

Rekeninghouer se volle name en van: _____

Identiteitsnommer van Rekeninghouer: _____

Aantal leerders in Laerskool Horison Pre-primêr: _____

Leerder(s) Name en Van:

1. _____
2. _____
3. _____

Rekeninghouer se Adres:

_____

_____

_____ **Poskode** _____

Selfoonnommer: _____

E-posadres: _____

BANK BESONDERHEDE:

Rekeninghouer se naam: _____

Bank waar rekening gehou word: _____

Taknaam: _____

Takkode: _____

Bankrekeningnommer: _____

Tipe Rekening:

☐ **Tjek | Lopend** ☐ **Spaar** ☐ **Transmissie** **Ander - Spesifiseer** _____

Kurrikulêre Administrasiefooi van R1 000.00 per kind betaalbaar November 2023

Debietorders word verhaal vanaf **Februarie 2024 tot November 2024**

Debietorderafbetaling 10 paaiemente (Na registrasie fooi)

☐ **1 Leerder | R1 792.30** ☐ **2 Leerders | R3 584.60** ☐ **3 Leerders | R4 659.98**

Dag van maand waarop debietorder van u rekening verhaal moet word (tussen 1ste en 28ste): _____

_____ _____

HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER **DATUM**

Geteken te _____ **op die** _____ **dag van** _____ **20** _____